



Aftree-Oord
Retirement Village

Webbweg 1244 Webb Road
Queenswood Pretoria
0186
Tel. 012 333 4445x103
www.huisherfsblaar.co.za

Web
www.huisherfsblaar.co.za

Welsyn / Social nr
001-676NPO

Epos / Email
manager@huisherfsblaar.co.za

BTW / VAT nr
4960184465

Die Nasionale Staat van Rampbestuur

COVID -19 BEPERKINGS WOONSTELLE

Wat is belangrik om te weet:

28 Maart 2022

Ons wil eerstens almal bedank vir hulle volgehoue ondersteuning oor die afgelope jare wat baie nuwe uitdagings gebring het waar groot swaarkry verduur en ondraaglike verliese gely is. Tog het ons ferm gestaan teen die aanslag en saam aksie geneem om onself en die gemeenskap te beskerm. Ons versoek u ook om te help dat ons voortgaan om die grootste versigtigheid en sorg te beoefen altyd waaksaam te wees en dat ons voortgaan om te volhard in ons vasberadenheid om hierdie virus te verslaan.

Met die ophef van elke Vlak en implementering van die volgende Vlak is dit steeds vir ons nodig om met groter waaksaamheid en verantwoordelikheid na onself en so ook na ander, se veiligheid om te sien. Terwyl die maatreëls wat ons neem groot swaarkry veroorsaak, is dit noodsaaklik dat ons verantwoordelikheid neem en met groot versugting in die tyd wat voorlê na almal se veiligheid omsien en weet dat 'n onbeheerde oplewing van infeksie kan plaasvind.

Ons gesamentlike en individuele optrede bepaal hoe oordrag beheer word.

Voorkomingsmaatreëls

Waarom is sosiale distansiëring belangrik?

Wanneer mense hoës of nies, versprei daar klein druppeltjies uit hul neus of mond. Hierdie druppeltjies kan die virus bevat en kan oorgedra word indien jy te naby aan hulle staan. Jy kan die druppeltjies ook inasem.

Aanbeveling

Sosiale distansiëring is een van die maatreëls wat die regering sterk aanbeveel om COVID-19 te beveg.

Moenie aan jou gesig vat nie, veral jou oë, neus en mond.

Moenie in jou hand hoës of nies nie. Bedek jou mond en neus met 'n sneesdoekie en gooi die snesie dadelik weg.

Was jou hande gereeld met seep en water vir minstens 20 sekondes.

Gebruik gereeld 'n handreiniger wat minstens 70% alkohol bevat.

Was oppervlaktes waaraan gereeld gevat word met ontsmettingsmiddel of seep en water. Dit is ook belangrik om aanwysings te volg en te keer dat items beskadig word.

Elektroniese toerusting soos selfone, sleutelborde en ander elektroniese toestelle is uitgesluit omdat dit beskadig kan word.

Besoeke: Inwoners

Interne besoeke in woonstelle soos kuiers tussen Inwoners in toringblok mag geskied indien ons aan die volgende vereistes voldoen.

- Tydens so besoek moet deur en vensters van vertrek oop wees.
- Maskers mag slegs met die inwoner se toestemming verwyder word.
- Maskers bly verpligtend in gemeenskaplike areas van die gebou.
- So besoek moet nie bots met enige dienste wat gelewer word nie.
- Besoek in die eenheid mag nie langer as twee uur duur nie.
- Sou daar mense wees wat in u eenheid kom om diens te lewer mag besoeke nie toegelaat word nie.
- Inwoners bepaal self op watter dae besoeke by hulle toegelaat word.
- Inwoners bepaal self watter tyd vir hulle geleë is en maak die nodige reëlins vir so besoek.
 - Inwoners mag ook besluit om geen besoekers te ontvang nie. So besluit moet ook altyd respekteer word.
 - Aantal besoekers beperk volgens grootte van woonstel

i. Klein woonstel	1 x Inwoner	+	1 Persoon
ii. L – Tipe	1 x Inwoner	+	2 Persone
iii. Een slaapkamer	2 x Inwoners	+	2 Persone
	1 x Inwoner	+	3 Persone

Besoeke van familieleden en vriende

- Elke besoeker word versoek om die besoektye wat toegestaan word te gehoorsaam en die perseel te verlaat wanneer die tyd verstreke is
- Maskers binnenshuis is verpligtend.
- Dit is noodsaaklik dat daar doeltreffend ventilasie is en personeel moet asseblief toesien dat vensters en deure altyd oop is gedurende besoeke.
- Ons versoek ook dat u as besoeker nie onnodig in die gebou beweeg nie en die kortste pad na en van die eenheid gebruik.
- Besoekers word versoek om in die tuin te kuier en om inwoners daar te ontmoet.

Vir die veiligheid van ons inwoners, versoek ons dat besoekers in groepe meer as twee persone die tuin gebruik vir besoeke.

- Besoekers moet asseblief onder geen omstandighede die dienshysbak by die kombuis gebruik nie. Dit is belangrik dat ons kontak met personeel beperk.
- Besoekers aan die A-Blok, B-Blok en C-Blok sal by die hoofingang ingaan en die hysbak langs die eetsaal gebruik.
- Besoekers moet ook voortdurend verseker dat hulle kontak met ander inwoners, besoekers en personeel vermy.
- Die dra van Maskers in die gebou is verpligtend. Tekens by alle ingange sal aangebring word.
- Indien u besoek sal ons ook verseker dat daar PBT (Persoonlike Beskermende Toerusting) by die hek vir aankoop beskikbaar is.
- In die geval van ernstige siekte sal die suster van die spreekkamer die nodige reëlins met die familie, die dienssentrum of die hek maak.

BEHEER VAN BESOEKERS:

- Slegs persone wat volledig ingeënt is, kan om besoek aansoek doen
- Slegs persone wat die aansoek vir die toegangskarta voltooi, volledig ingeënt is, aansoek ingedien en goedkeuring gegee is sal 'n kaart ontvang en toegelaat word om die perseel binne te gaan.
- Persone onder 18 kan slegs toegelaat word as ouers en inwoner volledig ingeënt is:
 - ouers is verantwoordelik vir beheer van minderjariges.
 - ouers moet toesien dat aansoek vir die nodige toegangskarta betyds voltooi, ingedien en ontvang is anders sal toegang nie moontlik wees nie
 - Persone onder 18 mag ook slegs in die tuin kuier en nie in die eenhede wees nie.
- Besoekers kan nie in u eenheid oorslaap nie, indien nodig kan die gastekamer bespreek word.
- Besoekerskarta moet aangebied word wanneer u by die hek aankom.
- Indien u nie die karta by u het nie sal toegang geweier word.
- Allokering van parkering vir besoekers word by die hek gedoen.
- Indien parkerings almal reeds beset is sal die besoekers nie met hulle voertuig kan inkom nie.
- Besoekers is self verantwoordelik vir die veiligheid van hulle voertuig.
- In die geval waar 'n nood ontstaan en spesiale besoek gereël word sal die suster van die spreekkamer al die nodige reëlings met die hek tref om te sorg dat daar geen verwarring is nie.
- Omdat ons steeds die risiko moet bestuur en die veiligheid van almal vir ons belangrik is:
 - Word slegs een besoeker per inwoner in die wooneenheid toegelaat.
 - Geen persone onder 18 word in die wooneenheid toegelaat nie.
 - Die inwoner kan groter groep besoeke in die tuin hou.
- Besoekers sal volgens die voorgeskrewe ure toegelaat word
 - **Maandag tot Vrydag 10:00 – 11:00 en 17:00 - 19:00**
 - **Saterdag 09:00 – 11:00 en 13:00 - 15:00 en 17:00 - 19:00**
 - **Sondag 15:00 – 17:00 en 17:00 - 19:00**
- Omdat die dra van maskers in 'n gebou verpligtend is en besoeker dalk sal vergeet om een te bring kan 'n **weggoibare masker** teen **R 2,00** by die hek gekoop word. Besoekers moet verseker dat hulle die korrekte bedrag het omdat daar geen gelde hande sal wissel nie. Die korrekte bedrag moet in die houer gegooi word wat by die hek voorsien word en dan sal die **weggoibare masker** uitgereik word.
- Die dra van die toerusting is verpligtend en die toerusting mag nie met ander gedeel word nie. Ons sal 'n houer by die hek plaas waarin alle gebruikte PBT weggegooi moet word wanneer u die perseel verlaat.
- Aflewerings moet by die hoofingang se hek gedoen word en die pakkies mag nie direk hande verwissel nie. Die persoon wat aflewer ontsmet sy/haar hande en sit die pakkie neer, u ontsmet u hande voor u dit neem.

Let asseblief daarop dat indien ons nie aan die reëls soos in hierdie dokument verduidelik voldoen nie, dit kan lei tot die onttrekking van die besoeker se karta en toekomstige toegang sal geweier word.

INWONERS WAT UITGAAN.

- U is verantwoordelik vir u eie en die veiligheid van ander.
- Enige simptome moet onmiddellik by die Noodnommer 0724881852 of Herfsmed 012 333 4478 aangemeld word.
- Fisiese kontak met ander inwoners moet te alle tye voorkom word.
- Dit is steeds beter om uit te gaan en u kinders te besoek eerder as om besoekers te ontvang.
- U moet steeds die gangeier inlig oor u bewegings.
- U mag uitslaap of met vakansie gaan solank die gangeier ingelig is en die boek by die hysbak en die boek by die toonbank voltooi is.
- Kontak die verpleegsusters se spreekkamers en stel hulle in kennis van u terugkeer. 0724881852
- Inwoner moet asseblief nie gedurende die eerste 3 dae binnenshuise aktiwiteite of besoeke by ander inwoners aflê nie.
- Die spreekkamers sal reëlings tref vir daaglikse etes wat by u eenheid afgelewer word.
- Die personeel van die verpleegsprekkamer sal na u eenheid kom en reël vir twee besoeke tussen 07:00 en 17:00 om te monitor vir enige simptome.
- Waar geen simptome teenwoordig is nie, kan inwoner vrylik na die buitelug beweeg waar hulle sonder masker kan wees.
- Die dra van 'n masker wat die neus en mond bedek is verpligtend wanneer u in die gebou inbeweeg en wanneer iemand u eenheid betree.
- Alle sosiale besoeke gedurende die periode van voorsorg mag slegs in die tuin plaasvind.
- U sal met u terugkeer in u eenheid vir minstens **3 dae gemoniteer word vir simptome.**
- Indien 'n inwoner wel simptome toon, sal hulle geëvalueer word om te bepaal of enige toets vereis word en voorgestelde prosedure sal met die inwoner bespreek word. Inwoner kan as voorsorgmaatreël tydelik in isolasie gehou word tot uitslae van toets ontvang is.
- Indien dit onder ons aandag kom dat 'n inwoner nie die nodige maatreëls nakom nie of dat hulle dalk kontak gehad het met persone wat positief is, sal hulle in kwarantyn geplaas word.

AS ONS NIE DIE MAATREËLS GEHOORSAAM NIE, STEL ONS NIE NET ONSSELF IN GEVAAR NIE, MAAR OOK ANDER WAT HOË RISIKO GEVALLE IS.

ONS WIL U ALMAL BEDANK VIR U SAMEWERKING.